# ’n Klein saadjie

Hierdie boek behoort aan



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 1 2017/10/13 1:23 PM



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 2 2017/10/13 1:23 PM



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 3 2017/10/13 1:23 PM

*Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.*

*'n Klein Saadjie*
Illustrated by Maya Marshak
Written by Nicola Rijsdijk
Designed by Maya Marshak and Tarryn-Anne Anderson
Translated by Nal'ibali
with the help of the Book Dash participants in Cape Town on 30 August 2014.

ISBN: 978-1-928318-96-5

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.
Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.
No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

# ’n Klein saadjie





In ’n dorpie teen die hange van die berg Kenia in Oos-Afrika, werk ’n dogtertjie saam met haar ma op die landerye. Haar naam is Wangari.





a-tiny-seed_interior_20150630.indd 7 2017/10/13 1:23 PM



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 8 2017/10/13 1:23 PM

Wangari hou baie daarvan om buite te wees. In haar gesin se kostuin bewerk sy die grond met haar kapmes. Sy druk klein saadjies in die warm grond in.



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 9 2017/10/13 1:23 PM



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 10 2017/10/13 1:23 PM



Haar gunstelingtyd van die dag is net na sononder. Wanneer dit te donker raak om die plante te sien, weet Wangari dit is tyd om huis toe te gaan.

Sy volg die smal paadjies deur die landerye en steek riviere oor terwyl sy stap.



Wangari is ’n slim kind en kan nie wag om skool toe te gaan nie. Maar haar mamma en pappa wil hê sy moet by die huis bly om hulle te help.

Toe sy sewe jaar oud word, oorreed haar ouer broer haar ouers om haar skool toe te stuur.



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 13 2017/10/13 1:23 PM

Sy hou daarvan om te leer!

Wangari leer meer en meer met elke boek wat sy lees.

Sy vaar so goed op skool dat sy genooi word om in die Verenigde State van Amerika te gaan studeer.

Wangari is opgewonde! Sy wil meer van die wêreld weet.



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 14 2017/10/13 1:23 PM



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 15 2017/10/13 1:23 PM



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 16 2017/10/13 1:23 PM

By die Amerikaanse universiteit leer Wangari baie nuwe dinge. Sy bestudeer plante en hoe hulle groei. En sy onthou hoe sy gegroei het: hoe sy saam met haar broers speletjies gespeel het in die skaduwee van die bome in die pragtige woude in Kenia.










a-tiny-seed_interior_20150630.indd 18 2017/10/13 1:23 PM



Hoe meer sy leer, hoe meer besef sy dat sy lief is vir die mense van Kenia. Sy wil hê hulle moet gelukkig en vry wees.

Hoe meer sy leer, hoe meer dink sy aan haar huis in Afrika.



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 19 2017/10/13 1:23 PM



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 20 2017/10/13 1:23 PM

Toe sy haar studies voltooi het, keer sy terug na Kenia. Maar haar land het verander. Groot plase strek regoor die land.

Vroue het nie hout om kookvure mee te maak nie. Die mense is arm en die kinders is honger.



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 21 2017/10/13 1:23 PM



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 22 2017/10/13 1:23 PM

Wangari weet wat om te doen. Sy leer die vroue hoe om saadjies te plant sodat daar bome sal groei.

Die vroue verkoop die bome en gebruik die geld om vir hulle families te sorg. Die vroue is baie gelukkig. Wangari het hulle gehelp om sterk en magtig te voel.



Oor tyd heen word die nuwe bome woude, en die riviere begin weer vloei. Wangari se boodskap versprei oor Afrika.

Vandag is daar miljoene bome wat uit Wangari se saadjies gegroei het.



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 24 2017/10/13 1:23 PM



Wangari het hard gewerk. Mense vanoor die hele wêreld het dit raakgesien en vir haar 'n beroemde prys gegee. Dit word die Nobelprys vir Vrede genoem, en sy is die eerste vrou van Afrika wat dit ooit ontvang het.





a-tiny-seed_interior_20150630.indd 28 2017/10/13 1:23 PM





Wangari is in 2011 oorlede, maar elke keer wanneer ons 'n pragtige boom sien, kan ons aan haar dink.





a-tiny-seed_interior_20150630.indd 30 2017/10/13 1:23 PM



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 31 2017/10/13 1:24 PM



a-tiny-seed_interior_20150630.indd 32 2017/10/13 1:24 PM